Bylaag A

GRAVAMINA – ALGEMENE SINODE 6-11 OKTOBER 2019

PROSEDURELE BESWARE EN ANDER KERKORDELIKE AANGELEENTHEDE

1. TERSAAKLIKE BESWAARSKRIFTE

Die besware waarna in hierdie dokument verwys word, word in die volgende gravamina aangespreek: Basson WL, Bethal NG Gemeente, Bethal-Oos NG Gemeente, Budding F, Burgersfort NG Gemeente, Charl Cilliers NG Gemeente (2016), Danzfuss T & Janse van Rensburg H, De Jager T&A, De Villiers PJ, Ernst JH, Ernst JH Aanvullend, Fouriesburg NG Gemeente, Greylingstad NG Gemeente, Heidelberg NG Ring, Piet Plessis NG Gemeente, Presbytery of Central Africa NG Kerk NS, Prinsloo PGJ, Robertson CK, Robertson CK Aanvullend, Smit JJ, Oberholzer A, Van Wyk C, Witbank-Panorama NG Gemeente, Witfield NG Gemeente met Bylaag 2.

'n Lys van die verskillende gravamina met 'n kernagtige opsomming van elkeen se besware en 'n aanhaling van aanbevelings en voorstelle word in punt 2 gedoen en 'n tematiese opsomming van die verskillende besware word in punt 3 gedoen.

Die bewoording in hierdie verslag is nie die bewoording of opinies of interpretasies van die persone wat die verslag saamgestel het nie. Daar is telkens gepoog om die opinie of mening van die gravamen te verwoord en weer te gee. Indien die betrokke punt in die *Kerkorde* of Reglemente nie in die gravamen aangehaal word nie, het die taakspan onder punt 3 die artikel of reglement aangehaal ter wille van maklike verwysing. Dié aanhalings is onderstreep om dit te onderskei.

2. GRAVAMINA OOR PROSEDURE EN KERKORDELIKE IMPLIKASIES

Die kernagtige opsomming van besware in elkeen van die gravamina maak nie aanspraak op volledigheid nie en is slegs 'n hulpmiddel. Vir duidelikheid oor die volledige besware binne hulle konteks moet elkeen van die gravamina sorgvuldig bestudeer word.

Die punt waar die beswaar in punt 3 geopper is, word telkens aangedui vir verwysingsdoeleindes (Pt X.Y.Z.).

2.1 Basson WL

Opsomming van besware

- Pt 3.7.3. Onbillike diskriminasie deur predikante en kerkrade: Sal predikante wat nie hulle weg oopsien om homoseksuele paartjies in die huwelik te bevestig nie, van diskriminasie en aantasting van menseregte beskuldig kan word?
- Pt 3.13. Arbeidswetgewing: sal die toepassing van die 2015 besluit nie 'n oortreding van die arbeidswet wees nie.

2.2 Bethal NG Gemeente

Die opsteller se aanbeveling:

Die gravamen / appèl versoek verder die AS en/of die appèlkommissie om duidelik die nakoming van alle proses en /of prosedure voorskrifte te ondersoek om veral die voldoening aan die twee derde meerderheid bepaling soos vereis deur Artikel 44.2 aangaande leerstellige sake aan voldoen is.

2.3 Bethal-Oos NG Gemeente

Opsomming van beswaar

- Pt 3.11. 'n Verkleinde Algemene Sinode is minder verteenwoordigend en het die besluit bevoordeel

Die opsteller maak die volgende aanbevelings:
1. Die kerkraad verwerp die Sinodale besluite wat geneem is t.o.v. die beoefening van homoseksualiteit / selfdegeslagverhoudings.
2. Dat die kerkraad beswaar volgens kerkordelike bepalings aanteken teen bogenoemde besluit van die Algemene Sinode en ot enige ander prosesse in werking stel na die Ring, Sinode ot Algemene Sinode met die doel om dit tersyde te stel.
3. Die Kerkraad neem kennis dat daar 12 dokumente n.a. v. die sinodebesluit beskikbaar gestel is. (http://atlas.bvbe/media.arq.za)
4. Die Kerkraad versoek die Algemene Sinode om die samestelling van die Sinode getalle-gewys meer verteenwoordigend tov die kerk in breë verband te organiseer.

2.4 Budding F

Opsomming van besware

- Pt 3.10. Lidmate moet die kans kry om oor sulke belangrike sake te besluit soos in die geval van Belhar. Die feit dat die algemene lidmate van die NG Kerk nie vooraf in so 'n sensitiewe saak geken was nie stel geensins vertroue in die sinode vorentoe nie.

Die opsteller beveel aan:

Die besluit om homoseksuele huwelike en predikante wat homoseksualiteit uitleef toe te laat tot die bediening, moet met alle dringendheid herroep word.

2.5 Burgersfort NG Gemeente

Opsomming van besware

- Pt 3.9. Hantering van opsig en tug teenoor homoseksuele persone?
- Pt 3.10. Lidmate moet die kans kry om oor sulke belangrike sake te besluit soos in die geval van Belhar

Die opsteller beveel eerstens aan:

Die Kerkraad van Burgersfort NG Gemeente het 'n beswaar ten opsigte van die besluite in geheel en beveel aan dat die Sinode terugkeer tot die laaste besluite wat geneem is voor 2015.

Die opsteller beveel ook aan:

1. Dat alle besluite oor selfdegeslagverhoudings wat tydens die 2015 Sinodesitting geneem is ter syde gestel word.
2. Dat die Algemene Sinode van die NG Kerk al haar lidmate om verskoning vra oor die feit dat die sinodegangers geswig het onder die druk om wat God as sonde beskou, goed te praat.
3. Dat die Algemene Sinode herbevestig dat die Woord van God bo alle ander 'Algemene Openbarings' prioriteit neem en dat die NG Kerk as kerk van die Reformasie sal staan by die belydenis Sola Scriptura – Slegs die Woord.
4. Dat die NG Kerk afstap van die tema van selfdegeslagverhoudings en fokus op die prioriteite van die Kerk soos wat God dit aan die kerk opgedra het.
5. Dat daar nie weer in die toekoms besluite geneem word wat die leer van die kerk raak, alvorens daar met al die streeksinodes na behore gekonsulteer is nie.

2.6 Charl Cilliers NG Gemeente (2016)

Die opsteller beveel aan:

Die gravamen / appèl versoek verder die AS en/of die appèlkommissie om duidelik die nakoming van alle proses en /of prosedure voorskrifte te ondersoek om veral die voldoening aan die twee derde meerderheid bepaling soos vereis deur Artikel 44.2 aangaande leerstellige sake aan voldoen is.

2.7 Danzfuss T & Janse van Rensburg H

Opsomming van besware:

- Pt 3.1. Verskeie reëls van die Reglement van Orde asook algemene reëls vir enige regverdige ordelike kerkvergadering was herhaaldelik verbreek
- Pt 3.1.3. Twee voorstelle gelyktydig voor die vergadering wat bespreek word sonder dat die verslag van die Moderamen of die verslag van die Diensraad Oostelike Sinode gedien het
- Pt 3.1.4. Daar was géén kennis van revisie of revisie gevra om die staande besluite oor selfdegeslagverhoudings (dié van 2007 en 2013) te heroorweeg nie. Daar was ook géén besluit geneem dat dié staande besluite tersyde gestel is nie. Beide die voorstel (wat van die vloer af gekom het) en die besluite was dus totaal buite orde/*ultra vires*.
- Pt 3.1.8. Die aanbevelings van tydelike taakspan is onregmatig gemaak
- Pt 3.1.12. Die laat indiening van die verslag was ŉ verdere rede waarom géén prinsipiële besluite op grond daarvan meer geneem kon word nie.
- Pt 3.1.13. Ten spyte daarvan dat die beskrywingspunt van die Kuratorium van Stellenbosch nie ontvanklik was nie besluit die Sinode om tog tydens die bespreking kennis te neem van die inhoud (motiverings en aanbevelings) van die beskrywingspunt.
- Pt 3.1.14. Verkorting van spreekbeurte
- Pt 3.2.1. Die onregmatige deelname van dosente aan gesprek
- Pt 3.2.2. Die onregmatige/onbillike benadeling van ander sprekers
- Pt 3.3.1. Die sinode se besluite is ongeldig want dit is nie “op ŉ kerklike wyse” geneem en bestuur nie
- Pt 3.4. Die sinode se besluite is ongeldig en prematuur want die taakspan se opdrag was nog nie voltooi nie
- Pt 3.7.1. Hanteer revisie en gravamen in die lig van die hofuitspraak

Die opsteller se aanbevelings:
Aangesien die kerk se standpunt rakende selfdegeslagverhoudings ingrypende etiese en leerstellige implikasies het, mag dit nooit sonder deeglike Skriftuurlike gronde gewysig word nie; en aangesien Christus ons enigste Hoof is wat Sy kerk regeer deur Sy Woord en Gees mag kerkvergaderings geen besluite neem wat direk of indirek in stryd in met die Bybel nie versoek ons daarom dat die Algemene Sinode om

1. met die oog op die hantering van die gravamen, die vergadering suiwer van persone na wie direk of indirek verwys/geïmpliseer word in die gravamen, of wat op een of ander wyse betrokke was by die hofsaak;
2. te bevestig dat die besluite van die Sinode wat ultra vires en in stryd met die Woord en Belydenis geneem is, ter syde gestel (herroep) word; en
3. te bevestig dat die standpunt en besluite van die Sinode soos vervat in die goedgekeurde besluite van die Algemene Sinodale vergaderings van 2007 en 2013 steeds geld as die amptelike standpunt van die NG Kerk oor selfdegeslagverhoudings.

2.8 De Jager T&A
Opsomming van besware:
- Pt 3.10. Ringe en gemeentes is nie geken nie. Lidmate moet die kans kry om oor sulke belangrike sake te besluit soos in die geval van Belhar

Die opsteller beveel aan:

1. Dat alle besluite geneem tydens Algemene Sinode 2015 oor selfdegeslagverhoudings, nietig verklaar sal word
2. Alle lidmate in die toekoms kan stem alvorens rigtinggewende besluite geneem sal word (soos met die Belharbelydenis)
3. Dat die Woord van God as die hoogste gesag beskou sal word en dit nie verdraai sal word nie

2.9 De Villiers PJ
Opsomming van besware:

- Pt 3.8. Die diskresie van kerkrade. Die opsionele aard van die besluite aan mindere vergaderings
- Pt 3.10. Lidmate moet die kans kry om oor sulke belangrike sake te besluit soos in die geval van Belhar

Die opsteller beveel aan:
1. Daar mag nie weer in die toekoms besluite geneem word wat die leer van die kerk raak, alvorens daar met al die streeksinodes na behore gekonsulteer is nie
2. Ek sou nie stilswyend medepligtig wou staan aan die skadelike gevolge wat ek voorsien dit vir die NGK en Koninkryk mag inhou nie, tensy daaroor herbesin sou word.

2.10 Ernst JH en Ernst JH Aanvullend

Opsomming van besware:
- Pt 3.1.1. Die wyse waarop die verslae in die agenda hanteer is was in stryd met die Reglement van orde
- Pt 3.1.2. Die hantering van die voorstel van die moderamen in die verslag was in stryd met die Reglement van orde
- Pt 3.1.3. Twee voorstelle het gelyktydig voor die vergadering gedien
- Pt 3.1.4. Daar was geen aansoek om revisie van die 2007 besluit van die Algemene Sinode nie soos deur die Kerkorde en die Reglement van orde bepaal nie
- Pt 3.1.5. Aanspreek van persone in die gehoor is in stryd met die Reglement van orde
- Pt 3.1.6. Die voorsitter het in stryd met die Reglement van orde ’n gefasiliteerde gesprek oor die aangeleentheid gereël sonder dat die verslag van die Moderamen oor die saak gedien het
- Pt 3.1.7. Die Tydelike Taakspan Leerstellige en Aktuele sake is op ’n onwettige wyse saamgestel
- Pt 3.1.8. Die aanbevelings van tydelike taakspan oor die saak was onregmatig gedoen
- Pt 3.1.9. Die optrede van die voorsitter was in stryd met die Reglement van orde
- Pt 3.1.10. Die bekendmaking van die getal stemme vir en teen was in stryd met die Reglement van orde. Meer mense het aan die stemming deelgeneem as wat veronderstel was om deel te neem
- Pt 3.1.12. Die laat indiening van die verslag oor selfdegeslagverhoudings was in stryd met die Reglement van orde
- Pt 3.2.1. Onregmatige deelname van dosente en ander persone aan die gesprek
- Pt 3.3.1. Ongepaste beïnvloeding deur besoekers en nie-afgevaardigdes is in stryd met die kerklike wyse van besluitneming
- Pt 3.5. Die optrede van die lede van die uittredende moderamen was dislojaal
- Pt 3.6. Die 2013 besluite is ook op ’n onreëlmatige manier geneem
- Pt 3.7.1. Revisie en gravamen in die lig van die hofuitspraak
- Pt 3.7.2. Die aanvaarding van die besluite van die Algemene Sinode 2015 oor selfdegeslagverhoudings is nie vanselfsprekend regsgeldig net omdat dit so in die uitspraak van die hof aanvaar is nie.
- Pt 3.7.3. Die diskresie aan kerkrade deur die 2015-besluit kan daartoe lei dat predikante en kerkrade in die lig van die hofuitspraak van onbillike diskriminasie aangekla kan word

Die opsteller se aanbevelings:
1. Persone wat deur die beswaarde op enige wyse geïmpliseer word óf direk of indirek betrokke was by die gemelde Hofsaak óf betrokke was by die opstel van die voorstelle wat wederegtelik voor die Algemene Sinode 2015 gedien het, word versoek om hulle by die behandeling van hierdie Beswaarskrif/Gravamen mero motu of in opdrag van die vergadering te rekuseer.
2. Die weg van herstel, gegewe die inhoud van die onbetwiste hofuitspraak op prosedurele en substansiële gronde teen die 2016-besluite en die onbetwisbare prosedurele en substansiële besware teen die 2015-besluite, is vir die Algemene Sinode reeds uitgespel. Die enigste regsgeldige aanbevelings oor selfdegeslagverhoudings wat by Algemene Sinode 2015 gedien het, was (i) die aanbeveling dat die 2013-opdrag voortgesit word en dat die vergadering besluit oor die raamwerk vir die voortgesette navorsing en dialoog, en (ii) die aanbeveling dat, in die lig van die

verdere proses rondom die nadenke oor die status van selfdegeslagverhoudings, die Beskrywingspunt van Oostelike Sinode nie goedgekeur word nie. Die eerskomende Algemene Sinode het, indien daar geen verdere beskrywingspunte oor die saak ontvang word nie, net die keuse of die studie voortgesit word al dan nie. Met die besluite van 2016 en 2015 nietig, kan daar op die prosedureel korrekte en substansieel verantwoorde wyse de novo na die saak gekyk word, tensy die vergadering besluit om die Beskrywingspunt van Oostelike Sinode wel te aanvaar en met die 2007-besluite soos regtens gewysig, te volstaan.

3. Sou die Algemene Sinode in 2019 dit nie beslissend doen nie, sal die Hof nou weens die uitputting van die beskikbare remedies gevra moet word om dit te doen. Die Algemene Sinode sal self moet besluit of ’n tweede uitgerekte en kostedraende hofgeding die moeite werd sal wees, gegewe die besliste erkenning dat na die Hofsaak ook die 2015-besluite nie regsgeldig stand kan hou nie en reeds deur kerkvergaderinge en lidmate as nietig geag kan word.

2.9 Fouriesburg NG Gemeente

Opsomming van besware:

- Pt 3.8. Die diskresie van kerkrade skep onhoudbare verdeeldheid in die kerk
- Pt 3.9. Persone wat in ’n selfdegeslagverhouding leef sal aan ’n gesprek (tug) onderwerp word, wat sal beteken dat so ’n persoon nie nagmaal kan gebruik nie
- Pt 3.3. Laastens is ons van mening dat ’n vooraf ‘werwing’ van steun en ’n emosionele opbou ten gunste van die besluit, tesame met onvoldoende debat vanuit die Bybel self, onaanvaarbaar is.

Die opsteller se aanbeveling:

Die kerkraad is oortuig dat die vorige Algemene Sinode ’n besluit téénoor die Bybelse leer geneem het en daarom versoek ons die Algemene Sinode dringend om by die komende spesiale sitting in diepte te praat oor die NG Kerk se interpretasie van die Bybel rondom spesifiek die sake van homoseksualiteit en daaruit voortspruitende selfdegeslagverhoudings.

2.10 Greylingstad NG Gemeente

Die opsteller se aanbevelings:

1. Die kerk stap af van die tema van selfdegeslagverhoudings en fokus op die prioriteite van die kerk soos wat God dit aan die kerk opgedra het. Die taakspan moet ontbind word.
2. As Kerkraad van die NG Kerk Greylingstad vereenselwig ons ons met die besluit van die Ring van Heidelberg Die Ring van Heidelberg versoek die Algemene Sinode en die Hoëveld streeksinode om indringend te kyk na die afvaardiging na die Algemene Sinode om ’n groter verteenwoordiging daar te stel.

2.11 Heidelberg NG Ring

Opsomming van besware:

- Pt 3.11. Die verkleining van die Algemene Sinode het tot gevolg gehad dat die Algemene Sinode al hoe minder verteenwoordigend van die NG Kerk geword het.

Die opsteller se aanbeveling:

Die Ring van Heidelberg versoek die Algemene Sinode en die Hoëveld streeksinode om indringend te kyk na die afvaardiging na die Algemene Sinode om ’n groter verteenwoordiging daar te stel.

2.12 Oberholzer A

Opsomming van besware:

- Pt 3.10. Die besluit is nie in ooreenstemming van artikel 44.1 en 44.2 van die Kerkorde hanteer nie in die sin dat elke Sinode dit eers met ’n tweederde meerderheid moes bekragtig en derhalwe is die besluit onregmatig geneem
- Pt 3.12. Die besluite impliseer wysigings van die Kerkorde wat in terme van die Kerkorde ’n twee-derde meerderheid vereis. Die besluit is nie met ’n twee-derde meerderheidstem geneem nie

Die opsteller se aanbeveling:
Ek hoop dat hierdie griefskrif voldoende bewys lewer van die ongeldigheid van die AS (2015) se besluit omtrent homoseksuele verbintenisse en dat die AS hierdie beslissing nietig sal verklaar en volgens aanvaarbare regsbeginsels sal hanteer. Die belangrikste is egter dat die besluit tot eer van God sal wees en nie tot eer van mense nie.

2.13 Piet Plessis NG Gemeente
Opsomming van besware:
- Pt 3.8. Hoe moet kerkrade die Algemene Sinode se besluit dat kerkrade hulle eie standpunte en praktyke kan formuleer implementeer?
- Pt 3.11. Die Kerkraad betreur die feit dat die Algemene Sinode se afgevaardigdes al hoe minder verteenwoordigend van die Ned.Geref. Kerk geword het en dat dit onder andere daartoe gelei het dat so ’n klein getal lidmate, bogenoemde besluit kon neem.

2.14 Presbytery of Central Africa NG Kerk NS
Aanhaling van beswaar:
- Pt. 3.10. We find it regrettable that wider consultation did not take place before this decision was finalized, as it is now causing friction in the church.

Die opsteller se aanbeveling:
We recommend and urge General Synod to consult widely in the church and ecumenical world before a final decision is made and implemented.

2.15 Prinsloo PGJ
Opsomming van besware:
- Pt 3.1.4. AS 2015 se besluit oor SGV is onwettig weens presies dieselfde prosedurele redes as wat BAS 2016 se besluit onwettig bevind is deur die hof. Die hof moes slegs 2016 se besluit ondersoek, en het bevind dat AS 2016 se besluit onwettig was omdat daar geen formele gravamen, beswaarskrif of revisie ter tafel geneem is teen 2015 se besluit nie. Notules wys dat daar ook in 2015 ’n afwesigheid van formele gravamina, beswaarskrifte en revisie was, en dat 2007 bloot op drie kernsake gewysig is deur 2015 se afgevaardigdes.

Die opsteller se aanbevelings:
1. Die AS bevind dat die AS besluit van 2015 prosedureel asook belydenismatig onwettig was.
2. Die AS besluit van 2015 word daarom geskrap en die besluit oor SGV van 2013 se AS geld.
3. Die AS herbevestig dat alle lidmate, ook lidmate met SG seksuele oriëntasie, onderworpe is aan die kerklike opsig en tug.
4. Die AS besluit om teologiestudente (huidig en toekomstig) dringend te waarsku teen enige vorm van lering by die teologiese fakulteite wat in botsing met die NGK se belydenisskrifte is, soos sigbaar in die lering dat SGV aanneemlik is in God se wil vir Sy Koninkryk.

2.16 Robertson CK en Robertson CK Aanvullend
Opsomming van besware:
- Pt 3.1.1. Die vloer is in stryd met die Reglement van orde geopen vir gesprek oor twee voorstelle sonder dat die verslag van die Moderamen of die verslag van die Diensraad Oostelike Sinode gedien het
- Pt 3.1.1. Die Tydelike Taakspan Leerstellige en Aktuele Sake het onregmatig ’n saak hanteer wat nie in terme van die Reglement van Orde daarheen verwys is nie
- Pt 3.1.2. Die hantering van die voorstel van die moderamen in die verslag was in die stryd met die Reglement van orde
- Pt 3.1.3. Twee voorstelle gelyktydig voor die vergadering

- Pt 3.1.4. Daar was nie ’n aansoek om revisie van die 2007 besluit van die Algemene Sinode nie.
- Pt 3.1.10. Meer mense het aan die stemming deelgeneem as wat veronderstel was om deel te neem
- Pt 3.1.12. Die laat indiening van die verslag oor selfdegeslagverhoudings
- Pt 3.2.1. Die onregmatige deelname van dosente aan gesprek
- Pt 3.3.1. Die ongepaste beïnvloeding deur besoekers en nie-afgevaardigdes in stryd met kerklike wyse van besluitneming
- Pt 3.4. Die opdrag aan die Moderamen was nog nie voltooi nie
- Pt 3.7.1. Revisie en gravamen in die lig van die hofuitspraak

Die opsteller se aanbevelings:
1. Die Hofuitspraak in die Saak No: 40819/17 Gaum en andere vd Janse van Rensburg en andere het tot gevolg dat die Algemene Sinode 2016 se besluit oor selfdegeslagverhoudings ter syde gestel is. Die neem van ’n besluit om hierdie Hofuitspraak te aanvaar moet voor die 2019 Algemene Sinode dien
2. Die Hofuitspraak in die Saak No: 40819/17 het verder bepaal dat ’n beswaarde by wyse van ’n beswaarskrif/gravamen die Algemene Sinode kan nader om tot ’n gewysigde of ander besluit te kom of om die vorige besluit te handhaaf of te herroep. Met hierdie bepaling het die hof die geleentheid geskep vir die Algemene Sinode om na behore te handel met die Algemene Sinode 2015 besluit oor selfdegeslagverhoudings. Soos aangetoon in my appèl van 22 Februarie 2016 (en wat deel is van my onderhawige aanvullende gravamen/beswaarskrif) is die Algemene Sinode 2015 se besluit oor selfdegeslagverhoudings ultra vires (m.a.w. ongeldig en nietig); en die neem van ’n sodanige bevestigende besluit moet voor die 2019 Algemene Sinode dien.
3. Dit sal meebring dat die 2007 Algemene Sinode en die 2013 Algemene Sinode se besluite die enigste staande en toepaslike besluite in hierdie verband is; en die neem van ’n sodanige bevestigende besluit moet voor die 2019 Algemene Sinode dien.
4. Die neem van ’n besluit om ’n kommissie/taakspan aan te stel om selfdegeslagverhoudings en verwante aangeleenthede verder in diepte te bestudeer en aan die daaropvolgende Algemene sinode verslag te doen, moet voor die 2019 algemene Sinode dien.

2.17 Smit JJ

Opsomming van besware:
- Pt 3.7.3. Sal predikante wat nie hulle weg oopsien om homoseksuele paartjies in die huwelik te bevestig nie, van diskriminasie en aantasting van menseregte beskuldig kan word?
- Pt 3.10. Algemene Sinode het geen mandaat van Ringe of gemeentes gehad om ’n stemming oor die aangeleentheid te hou nie.
- Pt 3.10. Die proses was ondeursigtig en eensydig deurdat gemeentes/lidmate nie in die besluitneming vooraf geken is nie. ’n Voorbeeld van deursigtigheid is Belhar.
- Pt 3.8. Om ’n besluit op die Algemene Sinode te neem en dan te sê dat gemeentes hulle eie toepassing daarvan kan implementeer kan gesien word as onteiening van sy (die algemene sinode) se verantwoordelikheid teenoor streeksinodes, ringe, gemeentes, lidmate.
- Pt 3.8 en 3.9. Daar is onsekerheid oor die prosedure wat gevolg gaan word om predikante te registreer. Predikante is onder druk omdat baie van hulle nie hulle weg oopsien om gay huwelike te bevestig nie. Sou hulle weier kan hulle/die gemeente geteiken word, dit sal in elk geval onaanvaarbaar wees dat daar in “bulk” namens predikante aansoek gedoen word sonder om elke gemeente apart in die saak te ken

2.18 Van Wyk C en Van Wyk C Aanvullend

Opsomming van besware:
- Pt 3.1.1. Die wyse waarop die verslae in die agenda hanteer is was in stryd met die Reglement van orde
- Pt 3.1.2. Die ASM se aanbeveling aan die sinode is geïgnoreer en nie aan die orde gestel nie

- Pt 3.1.3. Daar het twee teenstrydige voorstelle gelyktydig voor die vergadering gedien
- Pt 3.4. Die opdrag van die vorige Algemene Sinode aan die ASM was nie volledig uitgevoer nie, daar was byvoorbeeld nie na die Gereformeerde tradisie gekyk nie

Die aanbevelings van die opsteller:

1. Die Algemene Sinode neem kennis van die verloop van die saak rondom selfdegeslagverhoudings, insluitende:

1.1 Die Algemene Sinode van 2015 en die Buitengewone Algemene Sinode van 2016 se besluite;

1.2 Die 2019 hooggeregshofbesluit van die Noord-Gautengse hooggeregshof (hierna "die uitspraak" genoem);

1.3 Die feit dat in hierdie sekulêre forum die finale besluit oor die "Substantiewe hersieningsgronde", uiteengesit in paragrawe [62] - [92] van die uitspraak, by die Grondwet Hof berus.

2. Die Algemene Sinode neem verder kennis daarvan dat die Goddelike openbaring wat in die Heilige Skrif vir ons opgeteken is, die oppergesag vir die geloof, leer en lewe van alle lede van die kerk is (Kerkorde artikel 1), ongeag wat 'n sekulêre hof kan bevind en dat daar dus 'n dringende behoefte is vir die kerk om finaal te beslis oor wat die Heilige Skrif van haar leerstellig vereis in die saak rondom selfdegeslagverhoudings.

3. Die Algemene Sinode besluit:

3.1 Dat die besluite van die Algemene Sinode 2015 rondom selfdegeslagverhoudings hersien en ter syde gestel word.

3.2 Dat die besluite van die Buitengewone Algemene Sinode 2016 rondom selfdegeslagverhoudings hersien en ter syde gestel word sover dit nodig is.

4. Die Algemene Sinode besluit verder en bevestig:

4.1 Dat die huwelik deur God ingestel is as ’n heilige en lewenslange verbintenis tussen een man en een vrou (Gen 2:18-25; Matt 19:4-6).

4.2 Dat die gawe van seksuele gemeenskap, "om een vlees te word", net binne so 'n huwelik geniet mag word.

4.3 Dat alle mense deur God na sy beeld en na sy gelykenis geskep is, as man en vrou (Gen 1:26-27).

4.4 Dat God die wêreld so lief het, dat Hy sy eniggebore Seun gegee het, sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore mag gaan nie, maar die ewige lewe kan hê (Joh 3:16).

4.5 Dat alle mense daarom, onder andere ongeag hulle geslag of seksuele oriëntasie, met liefde, waardigheid en genade behandel moet word.

2.19 Witbank-Panorama NG Gemeente

Die opsteller beveel aan:

Die Kerkraad van die NG Gemeente Witbank-Panorama van die Oostelike Sinode bied hierdie gravamen aan ten opsigte van die besluite wat die Algemene sinode in 2015 se sitting geneem het oor selfdegeslagverhoudings en vra hiermee dat die besluit in geheel teruggetrek word

Die opsteller beveel ook aan:

1. Dat alle besluite wat oor selfdegeslagverhoudings wat tydens die 2015 Sinodesitting geneem is ter syde gestel word
2. Dat die Algemene Sinode van die NG Kerk al haar lidmate om verskoning vra vir die feit dat die sinodegangers geswig het onder die druk om wat God as sonde beskou goed te praat.
3. Dat die Algemene Sinode herbevestig dat die Woord van God bo alle ander ‘Algemene Openbarings’ prioriteit neem en dat die NG Kerk as kerk van die Reformasie sal staan by die belydenis, Sola Scriptura – Slegs die Woord
4. Dat die NG Kerk afstap van die tema van selfdegeslagverhoudings en fokus op die prioriteite van die kerk soos wat God dit aan die kerk opgedra het.
5. Dat daar nie weer in die toekoms besluite geneem word wat die leer van die kerk raak, alvorens daar nie met die al die streeksinodes na behore gekonsulteer is nie

2.20 Witfield NG Gemeente (Bylae 2 ingesluit)

Opsomming van besware:

- Pt 3.1. Die besluite van 2015 is ongeldig aangesien dit onkerkordelik geneem is
- Pt 3.3. Die sinode se besluite is ongeldig want dit is nie "op 'n kerklike wyse" geneem en bestuur nie
- Pt 3.1.3. Die sinode se besluite is ongeldig want twee stelle teenstrydige besluite kan nie gelyktydig geld nie.
- Pt 3.2.1. Die sinode se besluite is ongeldig weens onreëlmatige en onregverdige toekenning van spreekbeurte.
- Pt 3.4. Die sinode se besluite is ongeldig en prematuur want die taakspan se opdrag was nog nie voltooi nie.

Die opsteller versoek die Algemene sinode om:

1. dringend sy besluite van 2015 ivm selfdegeslagverhoudings te herroep
2. om te bevestig dat sy besluite van 2015 ivm selfdegeslagverhoudings ongeldige besluite is aangesien dit in stryd met die Woord van God is en aangesien dit op onkerkordelike wyse geneem was
3. die standpunt en besluite van die sinode soos vervat in die goedgekeurde besluite van die Algemene Sinodale vergaderings vanaf 2007 tot 2013, steeds geld as die amptelike standpunt van die NG Kerk oor selfdegeslagverhoudings.

3. OPSOMMING VAN BESWARE

Hierdie bondige opsomming van besware vervang nie die gravamina waarmee dit geopper word nie en maak ook geen aanspraak op volledigheid nie. Afgevaardigdes moet in hulle voorbereiding vir die gesprek hieroor die gravamina self bestudeer. Daarom word in die opsomming telkens na die relevante punte en bladsynommers in die gravamina verwys. Die opsomming is bedoel om ter wille van helderheid die besware te kategoriseer en bymekaar te bring. Waar moontlik en van toepassing word kerkordeartikels en bepalings uit reglemente aangehaal om dit vir die leser makliker te maak om self die geldigheid van die besware te beoordeel. Die aanhalings uit die kerkorde en reglemente word telkens onderstreep. Die Kerkordebundel van Algemene Sinode 2013 word gebruik aangesien dit die geldende kerkorde en reglemente was tydens die vergadering waaroor die besware handel. In die opsomming word die bedoeling van die beswaardes oorgedra sonder om enigsins 'n beoordeling oor die besware te maak. Daarom is waar moontlik en toepaslik aanhalings uit die gravamina gemaak. In die besware wat hieronder uitgelig word handel dit oor die prosedures wat gevolg is om tot die 2015 besluit te kom, asook die kerkregtelike implikasies en uitvoerbaarheid van die 2015 besluit van die Algemene Sinode oor selfdegeslagverhoudings.

Die volgende kerkregtelik/kerkordelik of prosedurele besware is ontvang:

3.1 DIE SINODE SE BESLUITE IS ONGELDIG WANT DIE HELE PROSES VAN BESLUITNEMING WAS HERHAALDELIK TEENSTRYDIG MET DIE REGLEMENT VAN ORDE EN MET ALGEMEEN ERKENDE VERGADERING PROSEDURES (Danzfuss & J van Rensburg pt A3 p 7)**.**

Die reglement van orde is juis in die kerkorde geskrywe om die kerk te bewaar teen onordelike, onregverdige en bloot emosionele besluite. Verskeie reëls van die *Reglement van Orde* asook algemene reëls vir enige regverdige ordelike kerkvergadering was herhaaldelik verbreek (Danzfuss & J van Rensburg pt A3 p 7-14; vgl. Witfield pt 4.1 3; Witfield Bylaag 2 pt A3 p 6)

3.1.1 DIE WYSE WAAROP DIE VERSLAE IN DIE AGENDA HANTEER IS

Daar was vier verskillende verslae oor selfdegeslagverhoudings in die agenda, net een van die vier verslae is aan die vergadering voorgelê (Van Wyk p 1; Ernst pt 1.4.70 p 42).

Die vloer is geopen vir gesprek oor twee voorstelle sonder dat die verslag van die Moderamen of die beskrywingspunt van die Diensraad Oostelike Sinode gedien het (Ernst, pt 1.4.67, p 41; Robertson, 4, p 2). Die *Reglement van orde* (3) pt 4.2 bepaal: "Geen spreekbeurt mag aangevra word, of voorstel of amendement(e) dien, voordat die voorsitter die saak aan die orde stel nie." (*Kerkorde*, 2013)

Al die verskillende verslae is nooit na die Tydelike Taakspan Leerstellige en Aktuele Sake verwys nie. Die wyse waarop die Tydelike Taakspan Leerstellige en Aktuele Sake op Dinsdagaand 6 Oktober 2015 'n beskrywingspunt van die Sinodale Diensraad van die Oostelike Sinode hanteer het, was onreëlmatig en in stryd met **par 7.4 van die Reglement van Orde** (Ernst, pt 1.4.45, p 23; pt 1.4.71 (1), p 48; Ernst, Aanvullend pt 4.2, p 10). Die *Reglement van orde* (3) pt 7.4 bepaal: "Beskrywingspunte wat betyds ontvang word, word deur die algemene sekretaris na die toepaslike projek- of algemene steunspanne verwys vir verslag aan die Algemene Sinode. Ander beskrywingspunte word deur tydelike steunspanne hanteer. Insenders van beskrywingspunte mag dit by die projek- of algemene steunspan toelig." (*Kerkorde*, 2013)

Die Tydelike Taakspan Leerstellige en Aktuele Sake het onregmatig 'n saak hanteer wat nie in terme van **7.5 van die Reglement van Orde** daarheen verwys is nie (Ernst, pt 1.4.58, p 32; Ernst, Aanvullend, pt 4.2-3, p 10ev; Robertson, pt 4, p 2). Die *Reglement van orde* (3) pt 7.5 bepaal: "Tydelike steunspanne maak nie aanbevelings oor die verslae van projek of algemene steunspanne nie, tensy daar 'n beskrywingspunt oor dieselfde saak is wat nuwe aspekte na vore bring, of wanneer 'n saak deur die vergadering na hulle verwys is." (*Kerkorde*, 2013)

3.1.2 DIE HANTERING VAN DIE VOORSTEL VAN DIE MODERAMEN IN DIE VERSLAG

Die voorstel van die Moderamen was nie die voorstel voor die vergadering soos dit kerkordelik hoort nie (Ernst, pt 1.4.45, p 23; pt 1.4.71 (2), p 48). Die aanbeveling van die moderamen oor die aangeleentheid was in terme van die **Reglement van Orde 4.1** die voorstel voor die sinode (Ernst, pt 1.4.51, p 28). (Vgl. Danzfuss & J van Rensburg, pt A3.4, p 12; Ernst, Aanvullend, pt 4.3, p 10).
Dr. Chris van Wyk se voorstel was bedoel as 'n amendement op die voorstel van die moderamen wat eintlik as die eerste voorstel voor die vergadering moes gedien het. Die voorsitter het nagelaat om die saak so te hanteer. Die volgorde moes gewees het: (i) Die aanbeveling van die moderamen. (ii) Die voorstel van die Oostelike Sinode Diensraad. (iii) Enige aanvullende voorstelle. Teenvoorstelle kon nie gedien het nie. Die proses rakende die indiening van verdere voorstelle, was onbehoorlik en onregmatig. Gevolglik is die besluit van die vergadering ongeldig en nietig (Ernst, pt 1.4.63, p 36; Vgl. Danzfuss & J van Rensburg, pt A3.4, p 12; Robertson, pt 2b en 2d, p 1).
Die *Reglement van orde* (3) pt 4.1 bepaal: "Aanbevelings van 'n projekspan en 'n algemene of 'n tydelike steunspan word as voorstelle aan die vergadering voorgehou. Indien 'n tydelike steunspan 'n aanbeveling doen wat 'n aanbeveling van 'n projekspan of algemene steunspan raak, het die projekspan of die algemene steunspan die voorstel en moet die tydelike steunspan amendeer." (*Kerkorde*, 2013)

3.1.3 TWEE VOORSTELLE GELYKTYDIG VOOR DIE VERGADERING

Daar was twee voorstelle gelyktydig voor die vergadering waarvan een 'n teenvoorstel was. Aangesien die Moderamen se voorstel eintlik die enigste voorstel was wat voor die vergadering kon gedien het (Ernst, pt 2, p 43) en dit (twee voorstelle en die gedagte van 'n teenvoorstel) was wat volgens **Reglement van Orde, bep. 4** nie moontlik is nie (Ernst, pt 1.4.30 p 13, pt 1.4.61, p 35, pt 1.4.70 p 42 (pt 1.4.70.1-7, p 43-48), pt 5, p 45; vgl. Danzfuss & J van Rensburg, pt A3.4, p 12; Robertson, pt 1f, pt 2c-f, p 1; Van Wyk, p 1; Witfield Bylaag 2 pt A2 p5ev)**.**

Die vloer is geopen vir gesprek oor twee voorstelle sonder dat die verslag van die Moderamen of die verslag van die Diensraad Oostelike Sinode gedien het (Ernst, pt 1.4.67, p 41; vgl. Danzfuss & J van Rensburg, pt A4.3, p 12).

Die *Reglement van orde* (3) pt 4.1 bepaal: Die voorstel en die amendement(e) moet skriftelik ingedien en deur die voorsteller en die sekondant geteken word. Aanbevelings van 'n projekspan en 'n algemene of 'n tydelike steunspan word as voorstelle aan die vergadering voorgehou. Indien 'n tydelike steunspan 'n aanbeveling doen wat 'n aanbeveling van 'n projekspan of algemene steunspan raak, het die projekspan of die algemene steunspan die voorstel en moet die tydelike steunspan amendeer. Indien meer as een projek- of algemene steunspan 'n voorstel oor dieselfde saak voor die vergadering het, reël die voorsitter watter een die voorstel is. (*Kerkorde*, 2013)

3.1.4 AANSOEK OM REVISIE VAN DIE 2007 BESLUIT VAN DIE ALGEMENE SINODE

Daar was geen aansoek om revisie van die 2007 besluit van die Algemene Sinode nie (Ernst, pt 1.4.1 p 2). "Die hersiening van die besluit van 2007 is dus nie in die Addendumverslag van die Moderamen aan die Algemene Sinode 2015 en in terme van **Artikel 22.1 van die Kerkorde of 6.5 van die Reglement van Orde** op die tafel van die vergadering geplaas nie." (Ernst, pt 1.4.36, p 12, pt 1.4.49, p 25, pt 1.4.55, p 30). Vergelyk ook die uitspraak van die hof in die saak Gaum ea v J van Rensburg ea. (Vgl. Danzfuss & J van Rensburg, pt A2.3-5, p 7ev, A3.1, p 8; Ernst Aanvullend, pt 2.3-5, p 5ev; Prinsloo, p 1; Robertson, pt 3a, p 2). Die Algemene Sinode 2015 se besluite is ongeldig want twee stelle teenstrydige besluite kan nie gelyktydig geld nie. Daar was géén kennis van revisie of revisie gevra om die staande besluite oor selfdegeslagverhoudings (dié van 2007 en 2013) te heroorweeg nie. Daar was ook géén besluit geneem dat dié staande besluite tersyde gestel, verval of vervang word nie (vgl. die hofuitspraak oor die wyse waarop besluite verander, vervang of ter syde gestel moet word). Algemene Sinode 2015 het 'n besluit geneem wat op baie punte in stryd met die vorige besluite was sonder om die vorige besluite te vervang of ter syde te stel. Volgens kerkregtelike en gemeenregtelike beginsels is die genoemde besluite van 2015 dus totaal ongeldig. Daar was nie kennis van revisie nie, die vorige besluite is nie herroep/ter syde gestel nie, en die vorige besluite en die moontlikheid dat dit gewysig/herroep/vervang sou word, was nie op die agenda nie. Beide die voorstel (wat van die vloer af gekom het) en die besluite was dus totaal buite orde/*ultra vires*. (Danzfuss & J van Rensburg, pt A2, p 6ev)

Die Hof het in sy uitspraak beslis dat 'n beswaarde wel by wyse van 'n beswaarskrif/gravamen die Algemene Sinode ingevolge die betrokke reglement kan nader om tot 'n gewysigde of ander besluit te kom of die vorige besluit kan handhaaf of herroep (Ernst Aanvullend, pt 1.1.3, p 3). Die Hof het ongevraagd die beswaardes en die Algemene Sinode 'n guns gedoen wat betref die kritiese beoordeling van die kerkregtelike prosedures gevolg by die neem van die 2015-besluite. Die uitdruklike bevinding van die Hof is dat die Kerk sy eie prosedures moet nakom om 'n bestaande besluit te amendeer, hersien of vervang (Par 59 p 32): "When the Church Order provides for mechanisms to amend, review or substitute decisions, these methods must be used. If processes outside the Church order is utilised it shall constitute an irregular process." (Ernst Aanvullend, pt 2.1, p 4). (Vgl. Danzfuss pt A2.4-5, p 6ev; Robertson, pt 2, p 1; Van Wyk Aanvullend pt 1.2-3 p 1). Die aanvaarding van die besluite van die Algemene Sinode 2015 oor selfdegeslagverhoudings is nie vanselfsprekend regsgeldig net omdat dit so in die uitspraak van die hof aanvaar is nie. Die regsgeldigheid van die 2015 besluit is immers nie deur die hof beredeneer nie (Ernst Aanvullend pt 1.1, p 2, pt 2.1.1, p 4 en pt 2.7, p 7)

Kerkorde Artikel 22.1 bepaal: In meerdere vergaderinge word alleen die sake behandel wat daar tuis hoort of daarheen verwys is deur mindere vergaderinge en wat nie in mindere vergaderinge afgehandel kon word nie. (*Kerkorde*, 2013)

Die *Reglement van orde* (3) pt 6.5 bepaal: Verslae van projek- en algemene steunspanne van die Algemene Sinode moet minstens drie maande voor die vergadering by die algemene sekretaris ingedien word. (*Kerkorde*, 2013)

Die *Reglement vir appèl en beswaar* (19) pt 1.2 is hier ook ter sprake: "Besluite wat geneem is, mag slegs na vooraf kennisgewing deur 'n lid van die vergadering en met die toestemming van die vergadering in revisie geneem word. Kennisgewing geskied of tydens die vergadering waar die besluit(e) geneem is of in die agenda vir die volgende vergadering." (*Kerkorde,* 2013).

Die *Reglement van orde* (3) pt 8 behoort hiermee saam gelees te word:
8.1 Besluite wat geneem is, mag alleen na voorafgaande kennisgewing en met die toestemming van die vergadering op 'n tyd deur die Moderatuur bepaal, in revisie geneem word.
8.2 Kennisgewing van revisie:
8.2.1 Revisie kan toegestaan word indien oortuigend aangevoer word dat
8.2.1.1 in die bespreking van die saak waarom dit gaan in die vergadering aan sekere aspekte daarvan glad nie of nie voldoende aandag gegee is nie; en/of
8.2.1.2 daar later inligting na vore gekom het wat hersiening van die besluit noodsaaklik maak.
8.2.2 Elke kennisgewing van revisie word na die Tydelike Steunspan Regte verwys.
8.2.3 Die aansoeker stel die rede(s) vir die aansoek om revisie aan die Tydelike Steunspan Regte.
8.2.4 Die Tydelike Steunspan Regte doen 'n aanbeveling aan die vergadering ten opsigte van elke kennisgewing van revisie.
8.2.5 Die vergadering beslis met meerderheidstem of die revisie toegestaan word. Indien toegestaan, word die saak weer oopgestel vir bespreking en kan die vergadering tot 'n ander besluit kom of die vorige besluit kan gehandhaaf word.
(*Kerkorde*, 2013)

3.1.5 AANSPREEK VAN PERSONE IN DIE GEHOOR
Ds. Monty Sahd se direkte aanspreek van Lulani Vermeulen, een van die besoekers was 'n oortreding van **bepaling 3.7 in die Reglement van Orde** wat bepaal dat lede van die vergadering die voorsitter moet aanspreek (Ernst, pt 6 p 50). Die *Reglement van orde* (3) pt 7 bepaal: "Elke lid van die vergadering moet by deelname aan die vergadering die voorsitter aanspreek." (*Kerkorde*, 2013)

3.1.6 GEFASILITEERDE GESPREK
Die voorsitter het 'n gefasiliteerde gesprek oor die aangeleentheid gereël voordat en sonder om die verslag van die moderamen en/of die beskrywingspunt van die Sinodale Diensraad Oostelike Sinode aan die orde te stel en daarmee het hy nie volgens **bepaling 4.2 van die *Reglement van Orde*** gehandel nie (Ernst, pt 1.4.52, p 28).
Die *Reglement van orde* (3) pt 4.2 lees as volg: "Geen spreekbeurt mag aangevra word, of voorstel of amendement(e) dien, voordat die voorsitter die saak aan die orde stel." (*Kerkorde,* 2013)

3.1.7 SAMESTELLING VAN TYDELIKE TAAKSPAN LEERSTELLIGE EN AKTUELE SAKE
Die Tydelike Taakspan Leerstellige en Aktuele Sake (Dinsdagaand) wat 'n aanbeveling aan die sinode gemaak het oor die beskrywingspunt van die Oostelike Sinode oor selfdegeslagverhoudings en die voorstelle uit die gefasiliteerde gesprek oor dieselfde onderwerp (Dinsdagmiddag) is op 'n onwettige wyse saamgestel. Nie dr André Bartlett, ds. Monty Sahd, dr. Nadia Marais of dr. Tiana Bosman is deur die Sinode op die Taakspan aangewys nie terwyl hulle onregmatig as indieners van voorstelle op uitnodiging van die fasiliteerders van die oop gesprek teenwoordig was. (Ernst, pt 1.4.58, p 32; Ernst Aanvullend, pt 4.2, p 10).

Die *Reglement van orde* (3) pt 7.2-3 bepaal: 7.2 Die benoeming van tydelike steunspanne gedurende die sitting van die Algemene Sinode word, op aanbeveling van die Moderamen, deur die vergadering met opsteek van hande gedoen.
7.3 Amptenare in diens van die sinodes en van die Algemene Sinode het sitting met adviserende stem in tydelike steunspanne (as afgevaardigdes of waarnemers wat op koste van sinodes teenwoordig is).
(*Kerkorde*, 2013)

3.1.8 AANBEVELINGS VAN TYDELIKE TAAKSPAN

Daar was nie veronderstel om voorstelle tydens die oop gesprek (Dinsdagmiddag) geformuleer te word nie. Die Tydelike Taakspan Leer en Aktuele Sake (Dinsdagaand) het ongevraagd en sonder magtiging aanbevelings oor selfdegeslagverhoudings geformuleer sonder dat die aanbeveling van die ASM oor die saak nog gedien het en die voorstelle op die regmatige wyse na hulle verwys is **(Regl. 3.7.5)** (T.18.2 Verslag TTLA, Handelinge AS 2015). (Ernst, pt 1.4.58, p 32; vgl. Danzfuss & J van Rensburg, pt A3.4, p 12).

Die *Reglement van orde* (3) pt 7.5 bepaal: "Tydelike steunspanne maak nie aanbevelings oor die verslae van projek- of algemene steunspanne nie, tensy daar 'n beskrywingspunt oor dieselfde saak is wat nuwe aspekte na vore bring, of wanneer 'n saak deur die vergadering na hulle verwys is." (*Kerkorde*, 2013)

3.1.9 OPTREDE VAN DIE VOORSITTER

Die voorsitter het deur suggesties (soos telkens in die notule blyk) van hoe en in watter volgorde sake hanteer moet word, die vergadering verhinder om tot 'n beslissing te kom (Ernst, pt 1.4.64, p 36). Die sake is in verkeerde volgorde (vgl. **Regl. van orde 4.4**) ter stemming gebring (Ernst, 1.4.71 (3), p 48). Die *Reglement van orde* (3) 2.3.2 bepaal: "In die geval van 'n voorstel met amendemente, word die amendemente eers tot stemming gebring in opgaande orde vanaf die laaste amendement wat ingedien is en daarna die voorstel soos deur die aanvaarde amendement(e) gewysig. Slegs indien al die amendemente verwerp word, stem die vergadering oor die oorspronklike voorstel." (*Kerkorde,* 2013)

3.1.10 BEKENDMAKING VAN GETAL STEMME VIR EN TEEN

Regl. 3.2.3.3 is oortree deurdat die getal stemme aangekondig is (Ernst, pt 1.4.66, p 40). Die *Reglement van orde* (3) pt 2.3.3 bepaal: "Na elke stemming oor 'n amendement of 'n voorstel word die uitslag van die stemming aangekondig – nie die getal stemme vir of teen die voorstel nie of amendement uitgebring nie, maar of dit aanvaar of verwerp is." (*Kerkorde,* 2013)

Meer mense het aan die stemming deelgeneem as wat veronderstel was om deel te neem (Ernst, pt 1.4.73, p 54; Robertson, pt 7, p 2).

3.1.11 DIE LAAT INDIENING VAN DIE VERSLAG OOR SELFDEGESLAGVERHOUDINGS

Die verslag van die Moderamen se Projekspan vir Selfdegeslagverhoudings was nie ingedien voor die sperdatum soos bepaal in die *Reglement van Orde* nie. Ten opsigte van die datum vir indiening van verslae geld die volgende: Die sperdatum vir die indiening van verslae met die oog op die Algemene Sinode 2015 wat 4 Oktober 2015 'n aanvang geneem het, was 4 Julie 2015. Die laat indiening van die verslag was 'n verdere rede waarom géén prinsipiële besluite op grond daarvan meer geneem kon word nie. (Danzfuss & J van Rensburg, pt 3.2, p 10; Ernst Aanvullend, pt 2.6, p 7; Robertson pt 3, p 2).

Die *Reglement van orde* (3) pt 6.5 en 6.6 bepaal: 6.5 Verslae van projek- en algemene steunspanne van die Algemene Sinode moet minstens drie maande voor die vergadering by die algemene sekretaris ingedien word.
6.6 Dringende sake wat in die drie-maande-tydperk voor die vergadering voorkom en deur projek- of algemene steunspanne behandel is, mag by wyse van addendumverslae, met verlof van die Projekspan Agenda Algemene Sinode, ter tafel gelê word.
(*Kerkorde*, 2013)

3.1.12 BESKRYWINGSPUNT KURATORIUM STELLENBOSCH

Wanneer ’n vergadering besluit dat 'n beskrywingspunt nie vir die vergadering ontvanklik is nie, word daardie hele beskrywingspunt met motivering en al hanteer asof dit nie bestaan nie. Die Algemene Sinode het besluit dat die beskrywingspunt van die Kuratorium van Stellenbosch nie ontvanklik is nie. Ten spyte daarvan besluit die Sinode om tog tydens die bespreking kennis te neem van die inhoud (motiverings en aanbevelings) van die beskrywingspunt. In die debat word die kuratorium se voorstelle - wat nie ontvanklik is nie - selfs bepleit. Dit is ’n erge graad van ongerymdheid wat die vergadering onregmatig beïnvloed het ten gunste van die pro-gay standpunte. (Danzfuss & J van Rensburg, pt 3.3, p 11).

Die *Reglement van orde* (3) pt 6.4 bepaal: Beskrywingspunte van spoedeisende aard mag deur die vergadering in behandeling geneem word, indien die vergadering, na raadpleging en aanbeveling van die Tydelike Steunspan Regte, daartoe besluit (*Kerkorde*, 2013)

3.1.13 VERKORTING VAN SPREEKBEURTE

Die voorsitter het eensydig (m.a.w. sonder om die vergadering se goedkeuring te kry by wyse van 'n stemming) gereël dat die deelnemers aan die debat (sprekers) slegs 3 minute gekry het. Ten minste een afgevaardigde het op 'n ordelike wyse beswaar gemaak en daarop gewys dat die Kerkorde bepaal dat sprekers 5 minute het. Hierdie beswaar is doodeenvoudig geïgnoreer. Die reëling is nie net strydig met die Kerkorde nie, maar ook uiters onbillik omdat dit prakties byna onmoontlik is om so 'n moeilike saak wat ingrypende Bybelse (eksegetiese, hermeneutiese, leerstellige, etiese, ens) en kerkordelike implikasies het, in slegs 3 minute per spreukbeurt te beredeneer. (Danzfuss & J van Rensburg, pt A4.2, p 18)

Die *Reglement van Orde* (3) pt 4.4 bepaal: Die indiener van ’n voorstel word beperk tot ’n spreekbeurt van 8 minute, met 5 minute tyd vir repliek, en ander sprekers tot 5 minute. Die vergadering mag in bepaalde gevalle van hierdie tydsbeperking afsien. (*Kerkorde*, 2013)

3.2 DIE SINODE SE BESLUITE IS ONGELDIG WEENS ONREËLMATIGE EN ONREGVERDIGE TOEKENNING VAN SPREEKBEURTE (Danzfuss & J van Rensburg pt A4 p 14)**.**

3.2.1 DEELNAME VAN DOSENTE AAN GESPREK

Dr. Nadia Marais, prof Alphonso Groenewald en dr. Ben du Toit se deelname aan die gesprek was onregmatig. **Artikel 38.2** van die kerkorde is willens en wetens oortree. Dr Marais (nie ’n NG dosent by US nie) se deelname het die wettigheid van die vergadering en ook die wettigheid van die besluite wat spesifiek oor selfdegeslagverhoudings geneem is, in gedrang gebring. (Ernst, pt 1.4.39, p 20) Prof Alphonso Groenewald het self gevra om as sekundus aan die deel van die gesprek deel te neem terwyl die primariuslid, prof Dirk Human, ook ter vergadering verskyn het. Prof Alphonso Groenewald is ook nie ’n NG Kerk dosent by Tukkies nie. (Ernst, pt 1.4.42, p 22; vgl. Danzfuss & J van Rensburg, pt A4.1, p 14; Robertson, pt 6, p 2; Witfield Bylaag 2 pt A4.1 p 14).

Kerkorde Artikel 38.2 bepaal: Die teologiese opleiding word in adviserende hoedanigheid verteenwoordig deur ’n NG dosent van elk van die teologiese fakulteite van Stellenbosch, Pretoria en Bloemfontein. (*Kerkorde,* 2013).

Dr Ben du Toit (’n amptenaar in diens van die Algemene Sinode) se deelname was in stryd met **par 7.3 van die Reglement van Orde**. (Ernst, pt 1.4.42, p 22)

Die *Reglement van orde* (3) pt 7.3 bepaal: Amptenare in diens van die sinodes en van die Algemene Sinode het sitting met adviserende stem in tydelike steunspanne (as afgevaardigdes of waarnemers wat op koste van die sinodes teenwoordig is) (*Kerkorde*, 2013).

3.2.2 DIE ONREGMATIGE/ONBILLIKE BENADELING VAN ANDER SPREKERS
Die feit dat die versoek van die Vrystaatse Moderamen dat 'n spreekbeurt aan prof Johan Janse van Rensburg – alom bekend daarvoor dat hy teen selfdegeslagverhoudings is - nie onvoorwaardelik toegestaan is nie en hy inderwaarheid ontmoedig is om die vergadering by te woon, terwyl spreekbeurte toegestaan is aan dr Nadia Marais en dr Alphonso Groenewald, dui op niks minder nie as absoluut inkonsekwent en onregverdig. (Danzfuss & J van Rensburg, pt A4.2, p 16ev). Prof J van Rensburg sou nie die vergadering as 'n afgevaardigde kon bywoon nie.

Die *Reglement van orde* (3) pt 3.8 bepaal: By die behandeling van sake is elke lid (*van die vergadering*) op 'n spreekbeurt geregtig, tensy die vergadering anders besluit. Niemand mag buite 'n toegekende spreekbeurt en/of sonder verlof van die voorsitter praat nie. (*Kerkorde*, 2013)

3.3 DIE SINODE SE BESLUITE IS ONGELDIG WANT DIT IS NIE "OP 'N KERKLIKE WYSE" GENEEM EN BESTUUR NIE (*Kerkorde* Artikel 21) (Danzfuss & J van Rensburg pt A1 p 4; vgl. Witfield Bylaag 2 pt A1 p 4)**.**

3.3.1 BEÏNVLOEDING DEUR BESOEKERS EN NIE-AFGEVAARDIGDES
Die lede van die vergadering is beïnvloed deur die posisie van en kleredrag van besoekers wat 'n oortreding was van **Artikel 21 van die *Kerkorde*** in die sin dat kerklike sake nie meer op kerklike wyse hanteer is nie en dat persone wat nie afgevaardigdes was nie toegelaat is om die openinge waar te neem (Danzfuss & J van Rensburg, pt A1.1-4, p 4ev; Ernst, pt 1.4.71 (5), p 49, 50; Fouriesburg p 1; Robertson, pt 5, p 2).

Kerkorde Artikel 21 bepaal "Die kerkvergadering behandel sake vanuit kerklike perspektief, in die lig van die Woord van God en op kerklike wyse." (*Kerkorde*, 2013).
Die *Reglement van orde* (3) pt 1.6 bepaal: "Elke sittingsdag word op 'n gepaste wyse geopen met Skriflesing en gebed en afgesluit met gebed." (*Kerkorde*, 2013)

3.4 DIE SINODE SE BESLUITE IS ONGELDIG EN PREMATUUR WANT DIE TAAKSPAN SE OPDRAG WAS NOG NIE VOLTOOI NIE (Danzfuss & J van Rensburg pt A5 p 19)
Daar is etlike sake wat bevestig dat die Algemene Sinode 2013 se opdrag tot verdere studie oor die status van selfdegeslagverhoudings nog nie na behore uitgevoer is nie en dat die Algemene Sinode 2015 dus nog nie voorbereid of gereed was om op 'n kerklike wyse enige nuwe besluite te kon neem nie. Die ASM se aanbeveling dat die opdrag voortgesit word, is een daarvan. (Danzfuss & J van Rensburg, pt A5, p 19; vgl. Robertson, pt 9, p 3; Van Wyk pt 1 p 1; Witfield Bylaag 2 pt A5 p19ev).

3.5 OPTREDE VAN DIE LEDE VAN DIE UITTREDENDE MODERAMEN
Die lede van die uittredende Moderamen het teen die besluite van die Moderamen, waarvan hulle deel was, gepraat (Ernst, 1.4.45, p 23; 1.4.71 (4), p 48).

3.6 ONBILLIKE DISKRIMINASIE DEUR PREDIKANTE EN KERKRADE
Sal predikante wat nie hulle weg oopsien om homoseksuele paartjies in die huwelik te bevestig nie, van diskriminasie en aantasting van menseregte beskuldig kan word? (Basson p 3; Smit p 1). Die diskresie aan kerkrade deur die 2015-besluit kan daartoe lei dat predikante en kerkrade in die lig van die hofuitspraak van onbillike diskriminasie aangekla kan word (Ernst Aanvullend, pt 5, p 11)

3.7 DIE DISKRESIE VAN KERKRADE
Die opsionele aard van die besluite aan mindere vergaderings (De Villiers, p 1). Hoe moet kerkrade die Algemene Sinode se besluit dat kerkrade hulle eie standpunte en praktyke kan formuleer implementeer? Wat sou hierdie "eie standpunte en praktyke" moontlik kon wees? Kerkregtelike

uitklaring (skriftelik) is nodig. Hierdie werkswyse skep onhoudbare verdeeldheid in die kerk. (Fouriesburg NG Gemeente, p 2; Piet Plessis NG Gemeente, p 1). Deur hierdie besluit het die Algemene Sinode haar van haar verantwoordelikheid teenoor streeksinodes, ringe, gemeentes en lidmate onteien (Smit p 1). Die wisseling van predikante sal beteken dat gemeentes deurlopend 'n beleidsverandering sal moet maak (Smit p 2).

3.8 OPSIG EN TUG TEENOOR GAY LIDMATE

Die hantering van opsig en tug teenoor gay mense. (Burgersfort NG Gemeente, p 7) Aangesien die kerkraad homoseksualiteit as sonde verstaan, kan die kerkraad nie saamgaan met besluit 2 van die Algemene Sinode nie, aangesien die Sinode impliseer dat homoseksuele mense in 'n verhouding van persoonlike geloofsgehoorsaamheid aan die Here kan leef. Persone wat in so 'n verhouding leef sal aan 'n gesprek (tug) onderwerp word, wat sal beteken dat so 'n persoon nie nagmaal kan gebruik nie (Fouriesburg NG Gemeente, p 1; Smit p 1).

Punt 2 van die 2015 Algemene Sinode waarna hierbo verwys word lui as volg: Die Algemene Sinode verklaar dat hetero- en homoseksuele persone wat in 'n verhouding van persoonlike geloofsgehoorsaamheid aan die Here leef, ten volle kan deelneem aan al die voorregte van die kerk as verbondsgemeenskap. (*Handelinge AS* 2015, pt 13, p 69)

Punt 3 van die 2007 Algemene Sinode lui as volg: Alle mense, ongeag hulle seksuele oriëntasie, is ingesluit in God se liefde en hulle word op grond van hulle doop en geloof as lidmate van die kerk van Christus aanvaar. Onder lidmaatskap word verstaan toegang tot die sakramente, toegang tot die ampte en onderworpenheid aan die kerklike tug. (*Handelinge AS* 2007, p 110)

Punt 3 van die 2013 Algemene Sinodebesluit lui as volg: Die Algemene Sinode besluit dat homoseksuele en heteroseksuele studente wat hulle voorberei vir die bediening in die NG Kerk, aan dieselfde Christelik-etiese standaarde moet voldoen met die oog op legitimasie. (*Handelinge AS* 2013, pt 4, p 47)

3.9 DIE ROL VAN RINGE EN GEMEENTES

Ringe en gemeentes is nie geken nie. Die proses was ondeursigtig en eensydig deurdat gemeentes/lidmate nie in die besluitneming vooraf geken is nie. 'n Voorbeeld van deursigtigheid is Belhar. Algemene Sinode het geen mandaat van ringe of gemeentes gehad om 'n stemming oor die aangeleentheid te hou nie. (Smit JJ, p 1). Hierdie benadering bevorder independentisme. Die besluit is nie in ooreenstemming van artikel 44.1 en 44.2 van die Kerkorde hanteer nie in die sin dat elke Sinode dit eers met 'n tweederde meerderheid moes bekragtig en derhalwe is die besluit onregmatig geneem (Oberholzer, p 1). Plaaslike gemeente is selfstandig kerk (*ecclesia completa*). Christus is die enigste Hoof van sy Kerk en daarom is daar geen sprake van hiërargie nie. Sinodekrasie - waar die Sinode die hoogste gesag is. Lidmate moet die kans kry om oor sulke belangrike sake te besluit soos in die geval van Belhar (Budding; De Jager T&A, p 2; De Villiers p 1; Burgersfort NG Gemeente, p 8; vgl. Danzfuss & J van Rensburg, pt A1.5, p 5; Presbytery Central Africa pt 3 p 1; Smit p 1).

Die 1994 Algemene Sinode het die volgende aanwysende besluit geneem: "Indien die Algemene Sinode egter vermoed dat sekere besluite of standpunte moontlik tot groot verdeeldheid onder kerklidmate kan lei, staan dit hom vry om voor die finale besluitneming , die advies van mindere kerkvergaderings in te win ten einde groter konsensus oor die betrokke sake in die Ned Geref Kerk verband as geheel te kry" (*Handelinge AS*, 1994, pt 2.6.4.2, p 439)

Kerkorde Artikel 44.1 lui as volg: Die wysiging van die Belydenis kan alleen geskied nadat elke sinode afsonderlik met 'n tweederdemeerderheid én twee derdes van alle kerkrade elk met 'n tweederdemeerderheid ten gunste daarvan besluit het. (*Kerkorde*, 2013).

3.10 VERKLEINDE SINODE

Die verkleining van die Algemene Sinode het tot gevolg gehad dat die Algemene Sinode al hoe minder verteenwoordigend van die NG Kerk geword het. (Piet Plessis NG Gemeente, p 1; Bethal-Oos NG Gemeente p 2; Heidelberg NG Ring, p 3).

3.11 BESLUITE IMPLISEER WYSIGING VAN DIE KERKORDE

Die besluite impliseer wysigings van die *Kerkorde* wat in terme van die *Kerkorde* 'n twee-derde meerderheid vereis. Die besluit is nie met 'n twee-derde meerderheidstem geneem nie (Oberholzer, p 2).

Kerkorde Artikel 44.3 lui as volg: Die Algemene Sinode mag, met uitsondering van Artikel 44.1 en 44.2 van die Kerkorde, die Kerkorde wysig of aanvul met 'n tweederde meerderheidstem. (*Kerkorde*, 2013)

3.12 ARBEIDSWETGEWING

In watter mate sal kerkrade hulle skuldig maak aan die oortreding van arbeidswetgewing by die toepassing van die besluit. Bv. Hoe gaan kerkrade op 'n wettige wyse vasstel wat die seksuele oriëntasie van 'n aansoeker is? (Basson, p 4)